JAARVERSLAG VAN DIE PRESIDENT: 2011

1. Inleiding

Alhoewel die finansiële jaar van die Vereniging waaroor hierdie verslag handel loop vanaf 1 Julie 2010 tot en met 30 Junie 2011, vind die Kongres plaas in November elke jaar en die verslag van die President handel daarom streng gesproke nie net met die finansiële jaar nie maar ook minstens gedeeltelik met die kalenderjaar 2011.

Die jaar 2011 was in 'n sekere sin 'n turbulente jaar vir die SAJWV. Vanweë die onbesonne optrede van individue buite die Vereniging en ook enkele lede van die Vereniging self, het daar gerugte ontstaan oor die doen en late van die Vereniging, die meeste waarvan geen waarheid ingehou het nie. Die bestuur van die prosesse het geweldig baie tyd in beslag geneem wat uiteindelik kulmineer het in 'n persverklaring wat in die openbaar uitgereik is en waarin sterk standpunt ingeneem is deur die President namens die Uitvoerende Komitee en die Vereniging.

Ten spyte van die bogenoemde was die afgelope jaar egter tog een waarop teruggekyk kan word met 'n mate van genoegdoening waar sekere suksesse wel behaal is, en daarvoor is ons baie dankbaar.

2. Die Uitvoerende Komitee

Die Uitvoerende Komitee van die Vereniging vir die afgelope jaar was soos volg saamgestel

- President: Fred Camphor
- President PJJS Potgieter (uitgetree November 2010)
- Adjunkpresident: Dr Gerhard Verdoorn
- Visepresident Lede- Tak- en Streeksake: Org Hamman
- Visepresident Opleiding: Wilhelm Greeff
- Visepresident Jag en Skietsake: Deon de Villiers (uitgetree November 2010)
- Visepresident Jagsake: George Nell (gekoöpteer vanaf November 2010) *
- Visepresident Skietsake: Hercules Louw (verkies vanaf November 2010) *
- Visepresident Kommunikasie: Johann Ungerer
- Visepresident Bewaring: B J Jonker (gekoöpteer vanaf November 2010 tot Februarie 2011) **
- Addisionele Lid: Piet van Hoven (gekoöpteer vanaf November 2011)
- Hoof Uitvoerende Beampte: Danie Venter

* By die Kongres van 2010 is Hercules Louw verkies as Visepresident Jag en Skietsake. By dieselfde geleentheid het die Kongres egter die portefeulje verdeel na Jagsake en Skietsake afsonderlik. Na die verdeling van die portefeulje is Hercules Louw die geleentheid gebied om die keuse uit te oefen welke van die portefeuljes hy sou verkies. Nadat Hercules die keuse vir Skietsake uitgeoefen het, is George Nell gekoöpteer as Visepresident Jagsake

** B J Jonker het bedank as gevolg van werksverpligtinge en sedert sy bedanking het Dr Gerhard Verdoorn ook na hierdie portefeulje omgesien

Die bywoning van geskeduleerde vergaderings van die Uitvoerende Komitee deur die onderskeie UK lede word volledig rapporteer saam met die finansiële state.

Die bedryfsbestuurders, André van der Merwe, Tommy Liversage, Nic Roets en dr. Herman Els, het die vergaderings van die Uitvoerende Komitee as waarnemers bygewoon en waardevolle insette gelewer.

Die Uitvoerende Komitee het maandeliks vergader, behalwe in Julie 2010 en Desember 2010. Enige dringende sake wat tussentyds aangespreek moes word, is by wyse van rondomtaliebesluite per E-pos hanteer.

3. Strategiese Prioriteite

Hierdie verslag handel nie oor die normale funksies en aktiwiteite van die Vereniging nie. Dit word aangespreek in die Bestuursverslag en u behoort daarom beide van hierdie verslae te lees en beoordeel om 'n geheelbeeld van die werksaamhede van die Vereniging te vorm.

Die Uitvoerende Komitee doen jaarliks beplanning en identifiseer die prioriteite van sake waaraan in die jaar aandag gegee behoort te word. Hierdie beplanning is in Januarie vanjaar gedoen en doelwitte is gestel vir 'n termyn van twee tot drie jaar vorentoe. Ek rapporteer daarom graag oor die betrokke sake waar daar duidelike vordering gemaak is.

Ledewerwing

Die Uitvoerende Komitee het die doel gestel om die ledetal van die Vereniging in die volgende drie jaar te laat groei met 10 000 lede. Dit sou beteken dat in die jare 2011, 2012, en 2013 die ledetal met ongeveer 3 300 lede per jaar moet toeneem. Teen die einde van Augustus 2011 het die ledetal van die Vereniging reeds gegroei met 3 539 lede sedert Januarie 2011 en die totale opbetaalde lidmaatskap staan reeds op 28 800 lede. Dit maak van ons Vereniging onteenseglik die grootste van sy aard in die RSA. Daar is 'n hele reeks van inisiatiewe onderweg wat in die loop van die volgende jaar sal uitrol wat sekerlik 'n impak behoort te hê op die werwing van nuwe lede vir die Vereniging.

Die ouderdomsprofiel van lede van die Vereniging dui aan dat lede al ouer aak. Die Vereniging sal moet fokus daarop om baie jonger individue as lede te werf. Net so sal daar ook aandag gegee moet word aan die werf van groot getalle lede onder alle rassegroepe ander as blankes in die RSA. Die voortbestaan van die Vereniging in die langer termyn gaan verseker hiervan afhanklik raak.

Dienslewering

Die Vereniging se voortbestaan is afhanklik van die werf van nuwe lede en die behou van die bestaande lede. Bestaande lede word behou deur goeie diens aan hulle te lewer. Die doel gestel deur die UK is daarom om dienslewering aan Lede, Takbesture en Takke te verbeter. Een van die knelpunte wat op hierdie terrein identifiseer is, was dat die rekenaarstelsel met lede-inligting nie funksioneel vir die gebruik deur Takke was nie en ook dat die Webwerf van die SAJWV nie toeganklik en gebruikersvriendelik genoeg was nie. Die inwerkingstelling van die E-Hunter stelsel met sy verbeterde toeganklikheid en verbeterde gebruikersvriendelikheid het reeds 'n baie groot verskil gebring. Net so het die nuwe webwerf wat in werking gestel is ook duidelike verbetering gebring ten opsigte van die diens aan lede en belangstellendes. Ons het terselfdertyd ook 'n nuwe diensverskaffer vir Inligtingstegnologie aangestel en dit het tot gevolg dat daar merkbare verbetering is in die diensvlakke.

Op 'n ander terrein is vele lede ook bygestaan met aansoeke vir nuwe vuurwapenlisensies terwyl 'n baie groot groep van lede ook gehelp is om probleme uit die weg te ruim met die hernuwingsaansoeke van hulle wapenlisensies.

Takke

Met die groei in die getal lede soos reeds hierbo aangedui is dit onafwendbaar dat die Vereniging meer Takke sal stig om die kontak met en diens aan lede uit te brei op grondvlak. In die afgelope jaar is drie nuwe Takke gestig sedert Januarie 2011 wat die getal reeds bestaande Takke uitbrei na 67 wat regoor die RSA versprei is.

Opleiding

Die Vereniging is bekend daarvoor dat hy goeie gehalte opleiding beskikbaar stel aan lede. Hier is weereens goeie werk gedoen en deur middel van die aanbied van 'n verskeidenheid van aktiwiteite is diens ook gelewer aan 'n baie groot getal lede van die Vereniging.

Skietsake

Die Vereniging het oor verloop van tyd bekend geraak daarvoor dat daar geleenthede gebied word aan skuts om hulle vaardigheid te oefen en op te skerp deur middel van verskeie skietgeleenthede en kompetisies wat aangebied word oor verloop van die jaar. Daar het in die afgelope jaar ongeveer 2 500 skuts maandeliks deelgeneem aan die naastenby 450 skietdae wat op Takvlak aangebied word. Op streeksvlak was daar 'n toename van bykans 97% in die getal lede wat aktief deelgeneem het aan die Streekpresidentskietgeleenthede wat aangebied is met 1 009 skuts wat hier deelgeneem het.

Die drie groot Nasionale Skietkompetisies is weer aangebied en die Mees Veelsydige Skut (gewen deur Jan Taljaart), Nasionale Intertak Spanskiet (gewen deur Pretoria Oos) en Nasionale Presidentskiet (gewen deur P D Jacobs jnr.) is elkeen weer aangebied met verskeie uitbreidings in die skietdissiplines waarvoor voorsiening gemaak word. Die nuwe skiettabelle vir Junior skuts wat ook by die Presidentskiet aangebied word, het sekerlik die aandag getrek en ons kan verwag dat hierdie deelname ook met verloop van tyd sal groei. Ons gelukwense gaan uit na die wenners van die onderskeie kompetisies. Ons dra ook graag ons dank oor aan alle borge wat die kompetisies aantreklik maak en die hand diep in die sak gesteek het vir die Vereniging op hierdie terrein. Ek wil ook graag dank betuig aan die Takke en lede wat die werk gedoen het om van hierdie aktiwiteit 'n sukses te maak vir die Vereniging.

Heelwat werk is ook reeds gedoen om die sportskietfunksie van die Vereniging uit te bou. 'n Klein groepie manne het die Verenigde Koninkryk op hulle eie koste besoek om in Bisley te gaan leer hoe die sport beoefen word en met baie goeie resultate die Vereniging verteenwoordig. Hulle het hulle baie goed gekwyt van hulle taak maar ook heelwat nuwe idees gebring om die sportskietdissiplines plaaslik te vestig en uit te bou.

Jagsake

In hierdie portefeulje het die Vereniging effens stadig uit die blokke gekom. Alhoewel daar aanvanklik met groot entoesiasme weggespring is met sekere gedagtes het dit gou duidelik geraak dat goeie beplanning hier nodig is. Die proses om 'n gedragskode vir jag saam te stel is sopas afgehandel en lede kan sekerlik uitsien na die ontvou van hierdie portefeulje vorentoe.

Kommunikasie

Een van die grootste uitdagings in 'n ledevereniging soos die SAJWV is sekerlik sinvolle kommunikasie met lede en die res van die wêreld waarin ons leef en bestaan. Op hierdie terrein is die voorkoms en inhoud van die Taknuus opgradeer en gewysig en die Vereniging het ook die volle verantwoordelikheid aanvaar vir die saamstel daarvan. Die inwerkingstelling van E-Hunter maak dit baie makliker om per E-pos en SMS met lede te kommunikeer en ons glo die sukses daarvan sal ook deur lede ervaar word.

In die loop van die jaar is die beleid ten opsigte van kommunikasie en veral mediaskakeling hersien en bygewerk. Aangesien die druk op die personeel in die kantoor en ook op lede van die UK dit baie moeilik gemaak het om op gereelde basis met die pers te skakel en standpunte in te neem oor sake van belang is daar deur die UK besluit om 'n persoon aan te stel wat op deeltydse basis die skakeling met die media sal volhou. Hierdie besluit het bykans

onmiddellike verbetering te weeg gebring en u kan daarom verwag dat die Vereniging voortaan ook op meer prominente wyse sal figureer met die inneem van standpunte in die openbaar by wyse van persverklarings en kommentaar oor sake van belang.

Bewaring

Hierdie is een terrein waar die SAJWV en sy lede trots kan wees op dit wat in die afgelope jaar bereik is. Tydens Huntex is die Rhinos Alive veldtog geloods en dit word duidelik baie goed ondersteun deur beide lede en nie-lede. Op soortgelyke wyse is verskeie bewaringsprojekte geloods deur 'n hele reeks van Takke waarmee ongelooflike goeie werk gedoen word. Die netto resultaat hiervan is dat die SAJWV begin bekendstaan as bewaringsorganisasie en nie meer net as jagters nie. Ek wil graag my persoonlike dank betuig aan elke lid wat 'n rol gespeel het en 'n bydrae gelewer het in hierdie proses. Die bewaringswerk wat ons as jagters doen skep en behou die jaggeleenthede van die toekoms. Ek is op rekord dat ek die standpunt gehuldig het dat ons slegs maar rentmeesters en benutters is van die natuurerfenis wat ons kinders toekom en dat ons daarom uiters verantwoordelik moet werk daarmee. Ons moet daarom op verantwoordelike wyse baie groot klem plaas op die bewaringswerk wat ons doen.

Kommersiële Aktiwiteite

Die eerste jagtersexpo is in April vanjaar aangebied. Huntex was 'n duidelike sukses ten opsigte van die deelname van uitstallers sowel as besoekers. Ons het saam met ons vennoot in hierdie proses baie geleer. Finansieël het Huntex nie so goed gedoen as wat ons graag sou wou sien nie maar dit het wel 'n wins gelewer wat as inkomste na die Vereniging vloei en in die state reflekteer is. Daar is nou baie beter kennis oor die aanbied van 'n skou van hierdie grootte en omvang en die Uitvoerende Komitee is oortuig dat Huntex sal bly voortbestaan en van krag tot krag sal groei. Ons sien uit na die voortgesette sukses wat ook hier behaal kan word.

NASP-SA

- Waar NASP-SA sy ontstaan in die RSA te danke het aan die SAJWV het dit gebeur dat die verhouding met NASP-SA in 'n ongestruktureerde model gevestig is. Hierdie verhouding kon nie op so 'n wyse voortbestaan nie en dit is formaliseer met 'n kontraktuele verbintenis wat gevestig is tussen die SAJWV en NASP-SA. Ingevolge hierdie ooreenkoms is die hulp wat die SAJWV aan NASP-SA sal verleen beperk en NASP-SA behoort binnekort op sy eie voete voort te bestaan. Die finansiële ondersteuning wat tot dusver aan NASP-SA toegestaan is, is grootliks bestee aan reis en verblyfkoste en opleidingsmateriaal in die vestiging van die organisasie en beloop ongeveer R 30 000,00 in totaal. Dit is duidelik dat NASP-SA reeds 'n groot impak gemaak het op die lewe van verskeie kinders in die RSA en die organisasie behoort aangemoedig te word om die werk te doen wat nodig mag wees om in eie reg en onafhanklik van die SAJWV voort te bestaan. Daar is duidelike leemtes en risiko's waargeneem en ons glo dat NASP-SA behoorlik hieraan sal aandag gee.

SA Jagter

Die tydskrif, die SA Jagter is goed bekend aan ons lede en elke lid ontvang maandeliks 'n kopie van die tydskrif. Kommersieel is die SA Jagter ongetwyfeld 'n baie groot sukses. Daarvan getuig die inkomste van bykans R 1 miljoen wat die Vereniging in die afgelope boekjaar verkry het soos dit in die finansiële state reflekteer duidelik. Dit blyk duidelik dat die besluit om die SA Jagter te vestig in 'n gesamentlike onderneming met Media 24 die korrekte een was.

Ongelukkig is die verhouding tussen die Vereniging met sy lede en die SA Jagter soms gestrem vanweë sommige standpunte wat van tyd tot tyd ingeneem word. Die Uitvoerende Komitee het ten tye van hierdie skrywe reeds die nodige aksie geneem om aan hierdie sake aandag te gee en ons behoort binnekort aan u te kan berig hoe die proses verloop het. Ek wil graag hierdie geleentheid gebruik om lede te versoek om nie voortydige of oorhaastige besluite te neem in hierdie saak nie.

SAPD en die Vuurwapenregister

Die verhouding met die SAPD en veral die bestuur van die Polisie het in die loop van die jaar verbeter. Ons het geslaag daarin om duideliker begrip vir die probleme wat ons lede ervaar en ook die behoeftes van ons lede as jagters en sportskuts by die bestuur van die Polisie te vestig en daar is sekerlik meer konstruktiewe samewerking as wat voorheen die geval was. In hierdie proses is Jagtersverenigings byvoorbeeld toegelaat om op baie vroeë stadium reeds insette en kommentaar te lewer in die proses van voorbereiding van wetgewing om wysigings aan te bring aan die Wet op Beheer oor Vuurwapens met die bedoeling om dit meer funksioneel werkbaar te maak.

Die Uitvoerende Komitee het die proses aan die gang gesit om die regsgeding met die SAPD en die betrokke Minister te probeer finaliseer. 'n Reeks van voorstelle word voorberei om voor te hou aan die SAPD ten einde op konstruktiewe basis die saak te probeer afhandel. Sou dit gebeur dat die proses nie na wense vorder nie, of dat daar enigsins onredelikheid aan die kant van die SAPD bestaan dan sal ons nie huiwer om met die finale Hooggeregshofaansoek voort te gaan waarvoor die aanvanklike aansoek reeds in 2009 gebring is nie. Hierdie aansoek van die SAJWV is in Maart 2010 onbepaald uitgestel op versoek van beide partye (die SAJWV en die SAPD) aangesien die SAPD versoek het dat daar na 'n moontlike skikking gesoek moet word. Hierdie saak bestaan steeds en kan te enige tyd geskik of weer op die rol geplaas word vir verhoor. Ek is van mening dat die kans steeds daar is dat die Hooggeregshofsaak met die Minister en die SAPD kan voortgaan en die Vereniging behoort daarom voorbereid te wees hierop.

Ander Verenigings

Die Vereniging verkeer steeds op redelike goeie voet met die ander Jagters- en verwante verenigings in die RSA. Alhoewel die verhouding soms gespanne geraak het as gevolg van die optrede van grootliks enkele individue, het die UK moeite gedoen daarmee om die verhoudings reg te stel en funksionele samewerking moontlik te maak. Die Uitvoerende Komitee strewe daarna om die beste moontlike verhoudings met ons ander bedryfsvennote te ontwikkel en het heelparty inisiatiewe in hierdie verband geneem, veral waar ondeurdagte kritiek die waters vertroebel het. In hierdie verband sluit ons die jaar af met n hoër vlak van goeie begrip vir mekaar ten opsigte van gemeenskaplike aangeleenthede. Ons is van mening dat in 'n reeds relatief klein gemeenskap van Jagters en Wapeneienaars binne die groter konteks van die RSA nie een van ons dit kan bekostig om in konflik met ander verenigings te wees nie. Ons sou waarskynlik 'n veel beter kans op sukses hê indien die onderskeie verenigings sou kon slaag daarin om 'n meer verenigde front te vorm.

Alhoewel hierdie siening gehuldig en ondersteun word sal die SAJWV egter aktief voortgaan om die belange van sy lede eerste te stel en enige optrede ten alle tye meet aan die hand van hoe die belange van ons lede ten beste gedien kan word.

4. Finansies

Die Finansiële State van die Vereniging verskaf die volledige beeld van die finansiële stand van die Vereniging en dit word daarom nie in detail in hierdie verslag aangespreek nie. Daar word slegs na enkele sake verwys.

In die afgelope finansiële jaar versterk die Balansstaat van die Vereniging van ongeveer R 13,1 miljoen na ongeveer R 17,1 miljoen, terwyl die ooreenstemmende toename vir die Groep van ongeveer R 13,7 miljoen na bykans R 18,8 miljoen beloop. Hierdie toename vir die Vereniging en die Groep is hoofsaaklik omdat die eiendom van die met R 3.4 miljoen herwaardeer is en vir die Groep het die finansiële bydrae wat SA Jagter deur SA Hunt Publishing gemaak het, 'n bydrae van R 1.6 miljoen gemaak. Alhoewel daar aanvanklik vir die jaar begroot is vir 'n tekort van bykans R 591 000,00 word die jaar afgesluit met 'n netto tekort van slegs R 344 587, terwyl die Groep die jaar afsluit met 'n surplus van R 769 074. In hierdie proses is die sake van die Vereniging bestuur op 'n wyse waar die uitgawes afgeneem het

van R 14,2 miljoen in die vorige jaar na slegs R 13,7 miljoen in die afgelope jaar. Dit het besliste deursettingsvermoë en detail aandag aan elke uitgawe geverg en die personeel van die Vereniging onder die bekwame leiding van Danie Venter en Tommy Liversage op hierdie terrein, kan gerus gelukgewens word.

Na die nuwe Oudiiteure aangestel is kon die Vereniging slaag daarin om 'n ongekwalifiseerde ouditverslag te kry. Dit is verseker 'n prestasie wat nie maklik gekom het nie en ons wil graag dank betuig aan elke individu wat 'n bydrae hiertoe gelewer het. Onder leiding van die Oudiiteure is daar ook bevestiging gekry dat die inkomste en uitgawes van die Takke nie in die State van die Vereniging ingesluit hoef word nie, maar wel in die notas tot die state aangedui word. Die vergelykende syfers is dienooreenkomstig aangepas.

5. Eiendom

Alhoewel die aanvanklike gedagte ten opsigte van moontlike ontwikkeling van ons eiendom te oorweeg, het dit baie vinnig duidelik geraak dat die geleentheidsgleuf hiervoor verlore geraak het as gevolg van die totale verandering in die mark vir eiendomsontwikkeling. 'n Baie groot gedeelte van ons perseel is onbenutbaar met die rant aan die Suidekant en die koste om die geboue wat nie benut word nie en onkruid te beheer, loop elke jaar redelik hoog. Ons het 'n markverwante aanbod ontvang vir die betrokke gedeelte van die eiendom en die aanbeveling van die UK aan die Kongres is dat ons hierdie gedeelte van die grond en geboue verkoop.

Daar is ook 'n behoefte aan behoorlike beplande kantoor- en ander spasie vir die Vereniging en die UK sal ook terselfdertyd 'n voorstel na die Kongres bring om ander ontwikkeling van die perseel te oorweeg ten einde 'n meer funksionele gebouekompleks daar te stel te Inyathipark.

6. Toekomsvisie

Die Vereniging het sekerlik 'n hele reeks van drome en wense vir die toekoms. Die droom van 'n eie skietbaan bestaan sekerlik steeds. Netso ook die hoop om 'n glad vloeiende proses van lisensiëring van ons vuurwapens in werking te sien sonder enige rompslomp en administratiewe onbeholpenheid en vertragings. Aan hierdie drome en toekomswense sal die Vereniging en die Uitvoerende Komitee voortdurend aandag gee. Deur middel van 'n verskeidenheid aksies sal ons sekerlik tree vir tree vordering maak met die behaal van hierdie doelwitte.

7. Dankbetuiging

Die Uitvoerende Komitee sluit die jaar af met die vertroue dat ons die opdrag wat die Kongres aan ons gegee het na behore uitgevoer het en die taak verrig het na die bevrediging van die lede van die Vereniging.

Ek betuig graag my dank aan my kollegas wat in die afgelope jaar in die Uitvoerende Komitee gedien het, die bestuur en die personeel van die Vereniging vir hulle harde werk en bydrae tot die sukses van die Vereniging. Sonder hulle werk sou dit sekerlik nie moontlik wees om die suksesvolle afhandeling van soveel doelwitte met u as lede te deel nie. Ons het in die proses sekerlik soms foute gemaak, maar daar kan geen twyfel wees oor die goeie bedoeling van een en elk wat 'n bydrae gelewer het tot hierdie prestasie nie en daarvoor wil ons, ons opregte dank betuig.

Fred Camphor
President
6 Oktober 2011